

# Dan Sleigh ...seemens



Saamgestel deur  
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

**M**in is oor die skrywer van **Eilande**, Dan Sleigh, bekend. Wat ons wel weet, is dat hy 'n doktorsgraad in geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch het. Sy promotor, wyle prof Dirk Kötzé, het destyds gesê dat dit ongetwyfeld die grootste navorsingsprojek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing was. Hy het verskeie geskiedenis in Afrikaans en Engels geskryf, onder andere, **Die buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795**. 'Die interessantste, fassinerendste boek wat ek die afgelope vyf jaar in Afrikaans teengekom het, is sowaar 'n geskiedenisboek,' het Barend Toerien dit in 1995 aangeprys.

Verdere inligting wat ons oor hierdie bekende skrywer/historikus bymekaar kon kry, is dat hy ook verantwoordelik is om, in opdrag van die Nederlandse regering, die resolusies van die Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (VOC) se politieke raad te transkribeer. Sy amp? Redakteur van die departement verantwoordelik vir transkribering in die Kaapse Argief.

In meer as een bron kom 'n mens agter dat Sleigh, soos sy seevarende voorvaders, 'n seemens is. Hy is afstammeling van seelui aan moeders- én vaderskant. Aan pa se kant geslagte offisiere in die Royal Navy. Aan ma se kant ook geslagte op Nederlandse skepe. Iemand skryf eenkeer: Dit is asof sy stem deurtrek is van 'n souterige seewind, jy sien hom op 'n krakende seilskip, turend na die horison.

'n Opskrif van 'n onderhoud tussen hom en Kirby van der Merwe is getitel: 'Landmatroos.' 'n Raak beskrywing oor 'n man met 'n versameling van talle skeepsmodelle wat meestal uit die hawens van Wes-Europa - London, Portsmouth, Liverpool, Chatham - waar die ou Engelse vloot bedrywig was, kom, en oor homself sê, 'Ek is admiraal van omtrent twintig

skepe. Skepies in bottels gebou deur matrose terwyl hulle tyd verwyd tussen reise... Daar is baie matrose wat stories het om te vertel, en ek is maar net nog 'n matroos met 'n storie. Ek het die roman geskryf omdat ek gedink het mense sou dit dalk interessant vind.'

Sy fassinerende met die see word pragtig in 'n bespreking in *Boekewêreld* (**Die Burger**) geskryf: 'Sleigh se skepe en matrose vaar lewensgroot uit die nietigheid van die verlede ook die taal binne. Jy lees van ra's, wimpels en sloepe in **Eilande**. 'n 'Reede'? Dis 'n vaste ankerplek. Volgens Sleigh was die Kaapse reede net duskant die huidige hawemeester se kantoor in die Waterfront.

Op 'n vraag oor sy taalgebruik sê hy dat Afrikaans nooit 'n seetaal was nie. Volgens hom het die Britse besetting die taal as't ware afgesny van die see. Hy reken egter dat die karakters in **Eilande** baie naby aan moderne Afrikaans gepraat het.

Vra hom oor sy beskrywings oor die menslike anatomie en hy raak heel opgewonde. Hy het 'n natuurlike aanvoeling vir en belangstelling in anatomie - in sy studentejare was dit een van die vakke waarin hy presteer het - wou graag 'n dokter geword het, maar geld was maar skraps.

Om terug te kom na sy herkoms - hy is op 'n stadium gevra of sy Nederlandse verbintenis sy belangstelling in die geskiedenis van die vroeë Kaap aangewakker het. Sleigh reken daar is so 'n moontlikheid - soos hy sê - sy vader taal is Engels maar sy moedertaal is Afrikaans - 'n taal soos sy ma se mense gepraat het daar in Langebaan se omgewing - 'n skoon manier van uitdrukking - soms pure Nederlands.

En sy behepthed om boek te hou oor

## INHOUD / CONTENTS

### Dan Sleigh ...seemens

Meer oor een van die voorste kenners van vroeë Kaapse geskiedenis deur  
Grizéll Azar-Luxton 17

### Eilande

'n Samevatting deur Grizéll Azar-Luxton van leeskringbesprekings deur Annette Roux en Suzanne Henderson van Sleigh se pryswennerboek 18

### Multicultural children's books - a selection

A brief discussion of this genre by Book Selector Ethney Waters with an accompanied selected booklist 20

gebeure - kom dit ook straks van sy Hollandse herkoms? 'Ons kan die Hollanders daarvoor dankbaar wees. Dis oor hulle byhou van rekords - al was dit soms net om te sien wie is verantwoordelik vir verliese en wie daarvoor sal boet - dat daar so baie inligting vir die navorser is. Wat sou ons van die vroeë Kaapse geskiedenis geweet het as die Hollanders dit nie so volledig opgeteken het nie?'

Die reuse navorsingstuk, **Die buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse Bestuur, 1652-1795**, 'n fenomenale stuk werk van meer as agthonderd bladsye, het Sleigh as een van die voorste kenners van die vroeë Kaapse geskiedenis gevestig.

En toe kom **Eilande**. Die ironie van hierdie Sanlam/Insig/Kwêla Roman Pryswenner is dat Sleigh reeds 20 jaar gelede die grootste deel van die boek geskryf het. Dit het wel 'n ander titel, *Stemme uit die see*, gehad - maar klaarkry met die boek kon hy nie. Hy het nie geweet hoe nie. 'Die boek

het 'n sentrale karakter gekort, iemand deur wie se oë alles saamgevat word.' Toe word die boek eenvoudig weggepak.

Drie en 'n half jaar voor publikasie van **Eilande** lees hy Julian Barnes se **History of the world in 18 ½ chapters** - en dit tref hom dat die boek nie 'n sentrale karakter het nie - alles word bloot om 'n

tema geskryf. En so word **Eilande** uiteindelik aan Tafelberg Uitgewers voorgelê.

Hy is een van die min mense wat 'n wetenskaplike agtergrond met fiksie oorbrug het. Maar, soos hy self sê, lê geskiedenis en die opteken daarvan hom na aan die hart. En dat geskiedenis op skool doodgemaak

*Dit is asof sy stem  
deurtrek is van  
'n souterige seewind,  
jy sien hom op  
'n krakende seilskip,  
turend na die horison*

word, is vir hom 'n doring in die vlees. 'Ons kyk vas teen ons vooroordele en onkunde en ons weet nie watter skatte in argiewe opgesluit lê nie.' Volgens Sleigh kan ons dankie sê aan die Hollanders: 'Ons hoef nie te raai oor die ontstaan van ons land nie. Soos hy met die een hand uit die pad gestoot het, het hy met die ander hand opgeteken.'

Of hy weer 'n roman sal skryf? Hy sê daar is nog twee goeie stories in hom maar hy gaan dit nie skryf nie...sy oë gee in en hy spaar hulle liever vir sy vak!

Dan Sleigh woon in Pinelands, of by 'n ander adres op die Slagtersveldse kus. Sy telefoonnommers is ongelys...

#### Bronne

Boekewêreld. **Die Burger**. 27 Maart 2002.  
[www.boekwurm.co.za](http://www.boekwurm.co.za) (15 April 2004.)  
[www.litnet.co.za](http://www.litnet.co.za) (19 Maart 2004.)

see en die VOC dikwels 'n noodlottige rol in die wel en wee van die karakters.

Die skrywer verkies om die kultuur-historiese roman 'n novelle te noem - 'n nuwe verhaal. Tog het **Eilande** sy beslag 20 jaar gelede gekry toe Dan Sleigh reeds in 1972 navorsing begin doen het oor die buiteposte aan die Kaap.

Hierdie pryswennerboek, wat, onder andere, spog met die gesogte RAU Prys vir Skeppende Skryfwerk, is ook nou in Engels beskikbaar met André P Brink as die vertaler.

**Eilande** gaan oor die bekende Robbeneiland, Dasseneiland, die eilande in Saldanhabaai, die tropiese lushof van Mauritius en altyd in die agtergrond, Batavia, die magiese Ooste (p.72). 'Kom na die see aan die westelike kus, het die stemme gelok, kom beman die skepe wat Ooste toe vaar: Orang lama, orang baharu, Oosinjevaarder, was soet gekeurde woorde, woorde om mee te toor.'